



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

**REKTOR SE BESTUURSVERSLAG
AAN DIE RAAD**

Maandag 27 September 2021

Prof WJS de Villiers,
Rektor en Visekanselier

Inhoud

INLEIDING.....	4
TEMA 1: 'N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH	5
1.1 Strategiese Bestuursaanwysers (SBA's).....	5
1.2 Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV)	8
1.3 Die jongste nuus oor COVID-19 op kampus	9
1.4 COVID-19 in koshuise.....	10
1.5 Vroue van die US.....	11
1.6 Wilcocksgebou heet nou na Krotoa.....	11
1.7 US nou nóg hoër op Times Higher Education-ranglys	11
1.8 Impakverslag oor filantropie en internasionalisering.....	11
1.9 Taalwebblad.....	12
1.10 Fakulteitstransformasiekomitees	12
1.11 Monitering van transformasie	12
1.12 Visuele regstelling: <i>Evoking Transformation</i>	12
1.13 Eenheid vir Gelykwaardigheid	12
1.14 MACE-toekennings	13
1.15 US in die Nuus (11 Mei tot 26 Augustus).....	13
1.16 Opknapping van US Biblioteek	16
1.17 Biblioteekdienste op 'n afstand	16
1.18 Makerspace kry momentum.....	16
1.19 Stelselvernuwing (SUNFin en SUNStudent)	16
1.20 Institusionele oudit deur RHO aan die kom	17
1.21 Universiteitsvermoëbutoelaag ("UCDG").....	18
TEMA 2: 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING	18
2.1 Aansoeke en inskrywings.....	18
2.2 Aanlyn inskakelingsprogram.....	19
2.3 Portuurleerfasilitering	19
2.4 SUNTrack (nou SUNSuccess).....	19
2.5 Virtuele US-loopbaanskou	19
2.6 Toets- en eksamensteun.....	20
2.7 Leierskapsopleiding en -verkiesings	20
2.8 Hersiening van studentgrondwette.....	20
2.9 Geestesgesondheid van studente	20
2.10 Bevraagteken gestremde denke	20
2.11 Maties Sport by die Olimpiese en Paralimpiese Spele	21
TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE.....	21
3.1 Stap vir Sosiale Geregtheid op Jeugdag.....	22
3.2 Opvoedkundige tolking.....	22
3.3 Museumskakeling gaan voort in die kuberruim	22
3.4 Memorandum van verstandhouding tussen die US en die Sweedse ICLD.....	23
3.5 Personeel van Kampusgesondheidsdiens hou US en SA se naam hoog	23
3.6 US Woordfees en US Koor	23
3.7 Umoja Afrikastudenteleiersnetwerk	24
TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER	24
4.1 Hibriediese leer	24
4.2 Internasionale Diensleersimposium	25
4.3 Interkulturele Kommunikasie vir Ingenieurs	25
4.4 Skryflab 20 jaar oud	25

TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK	26
5.1 Skool vir Klimaatstudie bekend gestel	26
5.2 Noseweek-skenking	26
TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER	27
6.1 Personeelbyeenkoms.....	27
6.2 US open inentingsterrein op Stellenboschkampus	27
6.3 Inentingsgeleenthede	28
6.4 Versnelling van werwingsprosesse	28
6.5 Personeelprestasiebestuur	28
6.6 Nuus oor dagsorg.....	28
6.7 Siyakhula-personeelprogram.....	28
6.8 KGD-welstandswebinare	29
6.9 Fulbright-beurs toegeken	29
6.10 Senior aanstellings	29
SLOT	29
BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE	31
Meningsartikels (11 Mei–17 Augustus 2021)	31
Rubrieke (11 Mei–17 Augustus 2021).....	37
MEDEWERKERS.....	40

INLEIDING

Welkom by die Universiteit Stellenbosch (US) se **derde Raadsvergadering vir 2021**. Ons worstel steeds met **COVID-19**. Sedert ons laas in Junie vergader het, moes ons die impak bestuur van eers vlak 4- en daarna vlak 3-inperkingsregulasies wat die regering afgekondig het om die derde vlaag koronavirusinfeksies te stuit. By die skryf van hierdie verslag het alles daarop gedui dat die verwoestende derde vlaag sy piek bereik het, en sou begin afplat.

U sal onthou dat ons ten tyde van die vorige Raadsvergadering (op 21 Junie) besig was met voorbereidings vir die halfjaarassesserings, en van plan was om kontakteksamens onder toesig af te neem. 'n Week nadat daardie assesserings begin het, het die regering egter die land op 'n strenger inperkingsvlak geplaas. Ons kon nie anders as om die assesserings te onderbreek, die semesterreses dadelik te laat begin, en 'n gewysigde en ten volle aanlyn A2- en A3-assesseringsrooster op te stel nie.

Om sake te vererger, het die land van 9 tot 18 Julie erge onrus in **KwaZulu-Natal en Gauteng** beleef, wat dit moeilik gemaak het vir ons studente wat van daardie gebiede af kom en tuis was vir die reses, om aan die geskeduleerde aanlyn assesserings deel te neem. Gevolglik het ons uiteindelik alle studente toegang tot die A4-assesserings vir eerstesemestermodules gegee, wat in Augustus plaasgevind het.

Ondanks hierdie struikelblokke, dui verslae uit verskillende oorde van die Universiteit daarop dat die **halfjaarassesserings** goed verloop het en **sukcesvol voltooi** is.

Daar was ook 'n sprankie hoop toe Higher Health aangekondig het dat die COVID-19-inentingsprogram vir die hoërondwyssektor geprioritiseer is. Ons het ons eie **inentingsentrum** vir personeellede en studente, hulle gesinne en die algemene publiek by die Lentelus-sokkerklubhuis ingerig. Dit is sedert 10 Augustus in werking, en alles dui daarop dat dit goed benut word, en dat 'n aansienlike getal van ons kollegas en studente al daar teen die gevreesde koronavirus ingeënt is.

Met behoorlike oorweging van al die realiteite van die voortslepende pandemie én die vereistes van ons akademiese projek, het die Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) aanbeveel dat die Universiteit volgens plan op **10 Augustus** met die tweede semester begin, en dat **studente na die kampus terugkeer**.

Ons moet natuurlik in gedagte hou dat studente se teenwoordigheid op kampus 'n noodsaaklike faktor is in hulle akademiese sukses. Baie studente moet op kampus wees om vereiste kliniese werk te voltooi en aan die voorskrifte van beroepsliggame te voldoen. Nóg belangriker is egter dat 'n aansienlike groep studente se huislike omstandighede nie bevorderlik is vir aanlyn leer nie, hetsy weens 'n gebrek aan infrastruktuur en toegang tot breëbandkonnektiwiteit, of etlike ander faktore.

Ons het die derde kwartaal met die hibriediese model van aangevulde afstandsonderrig, -leer en -assessering (**ARTLA**) begin, onderworpe aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se voorgeskrewe regulasies oor veilige kontakonderrig. Ons was egter skaars op dreef met ons tweede semester toe vooraanstaande immunoloë reeds begin waarsku teen 'n vierde vlaag wat ons later vanjaar kan verwag. Ander waarsku weer dat COVID voortaan 'n permanente deel van ons lewens sal wees, en dat ons gewoon moet raak aan die gedagte van 'n jaarlikse COVID-inenting, soortgelyk aan hoe ons seisoenale griep bestuur.

Dit bring my dan by die noodsaaklikheid daarvan **om koers te hou**, en om ons missiestelling as rigsnoer te gebruik om die visie wat ons vir ons universiteit gestel het, te verweselik – ongeag COVID-19 of enige ander ontwrigtende invloede of omstandighede wat ons dalk onderweg na 2024 én daarna kan teëkom.

Ek het kort ná my aanstelling as Rektor en Visekanselier van die US in 2015 'n behoefte daaraan uitgespreek dat ons instelling 'n stel **strategiese bestuursaanwysers (SBA's)** ontwikkel om ons vordering met die implementering en verwesening van ons strategiese doelstellings te help meet.

Daar is twee redes hiervoor: Eerstens het ons akkurate data nodig om ingeligte besluite oor strategiese sake van die Universiteit te kan neem. Tweedens kan 'n mens slegs bestuur wat jy meet.

Vir dié doel het die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB), onder leiding van die Viserektor vir Strategie en Internasionalisering, prof Hester Klopper, 'n proses van uitgebreide skakeling en oorlegpleging met tersaaklike belanghebbendes deur die hele US van stapel gestuur. IOB het vervolgens met 46 SBA's vorendag gekom. Deur middel van 'n dinamiese paneelbord bied dié SBA's 'n momentopname van ons vordering met ons geïntegreerde strategie-implementeringsplan en doelstellings. (Klik [hier](#) vir die volledige lys SBA's.)

Om die Raad 'n aanduiding van ons vordering as instelling te bied (dog gedagtig daaraan dat baie van die SBA's verband hou met substelle maatstawwe eie aan bepaalde omgewings), het ek dit goedgevind om **ses algemene maatstawwe** uit te lig. Hierdie maatstawwe is (i) ons studentesuksessyfers, (ii) die samestelling van ons algehele studentekorps, (iii) ons geweegde navorsingsuitsette, (iv) instandhouding en verkryging van toerusting as 'n persentasie van ons totale inkomste, (v) bruin, swart, Indiër- en Asiër- (BSIA-)personeellede as 'n persentasie van alle personeel, en (vi) die netto surplus vir die jongste voltooid boekjaar.

Sien 1.1 hieronder vir besonderhede, maar **kortom** is die US, te oordeel na die grafieke in daardie afdeling, **sterk op pad** om die **voerste navorsingsintensiewe universiteit op die vasteland** te word, en boonop hard aan die werk om sy toekomsdoelwitte vir transformasie, die akademie en ontwikkeling te bereik.

Uitvoerende bestuurslede sal ook voortaan in hulle Raadsverslae oor hulle onderskeie portefeuljes in meer besonderhede op die SBA's en paneelborde van toepassing op hulle omgewings konsentreer. Ons SBA's sal dus mettertyd 'n kerndeel van ons bestuursverslae word.

Soos gewoonlik kry lede van die Rektoraat weer geleentheid om aan die Raad verslag te doen. Hierdie keer is die **Viserektor vir Strategie en Internasionalisering** en die **Bedryfshoof** aan die beurt, elk met 'n verslag oor werksaamhede in hul verantwoordelike sentrums (VS'e) die afgelope 12 maande. Daarom bevat hierdie oorsigtelike bestuursverslag slegs enkele hoogtepunte uit hul portefeuljes. Raadpleeg gerus hul afsonderlike verslae vir meer besonderhede.

Hierdie verslag handel oor die tydperk **22 Mei tot 27 Augustus 2021**, tensy daar anders aangedui word. Ek en my medebestuurslede verwelkom die geleentheid om met die Raad in gesprek te tree.

TEMA 1: 'N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) (klik op skakel vir volledige dokument) lui soos volg oor hierdie kern strategiese tema: "Om die US 'n **florerende organisasie** te maak, beoog ons 'n **lewenskragtige, voorspoedige en sistemies volhoubare** universiteit (met 'florerend' wat omskryf word as 'om sukses te behaal of bestendige vordering te maak; om voorspoedig te wees; om te gedy').

Die US erken die groot uitdagings verbode daaraan om 'n florerende universiteit te word. Ons beseft dat ons responsief sowel as proaktief moet wees om die toekoms van die Universiteit te rig. Ons is verbind tot sistemiese volhoubaarheid, wat mense, plek (sosiaal), welvaart (ekonomies) en die omgewing insluit en verantwoordelike korporatiewe oorsigbestuur noodsaaklik maak"

1.1 Strategiese Bestuursaanwysers (SBA's)

Soos ek in die inleiding hierbo genoem het, wil ek graag **ses algemene maatstawwe** van die US se vordering met sy strategiese doelstellings uitlig.

Die ses maatstawwe hieronder is afgelei van, en strook met, die **46 strategiese bestuursaanwysers** (SBA's) in IOB se [prestasi-paneelbord](#). Hoewel 'n paar klein aanpassings en bywerkings nog nodig is,


bied dit 'n goeie kits-aanduiding van ons vordering op ons reis na die strategiese doelstellings in ons *Strategiese Raamwerk 2019–2024*.

Die lyngrafieke wat in die afdelings hieronder volg, is vereenvoudigde weergawes van die IOB se dinamiese paneelborde, wat aanlyn te kry is.

(i) Studentesuksessyfers (US-totaal; HEMIS-gegrond)

Institusionele doelstelling: Versterk strategiese inskrywingsbestuur om toegang en sukses te verbeter, deelname uit te brei, inklusiwiteit te bereik, en die US se reputasie as 'n voorkeuruniversiteit te handhaaf.

Omskrywing: Bepaal die totale getal voltyds-ekwivalente (VE) studente vir die spesifieke jaar (A). Bepaal dan die getal VE graadkrediete (voltooide modules) vir dieselfde jaar (B). Die maatstaf word bereken as B gedeel deur A. Die lyngrafiek hieronder toon die werklike waardes in blou en die mikpunt vir 2024 in geel.




Afleiding: Met 'n suksesyfer van 89% in 2020, is die US sterk (98,9%) op pad om die mikpunt van 90% van 2024 te haal.

(ii) Samestelling van die algehele studentekorps (% BSIA)

Hierdie SBA is belangrik vir die US se transformasiedoelstellings.

Institusionele doelstelling: Versterk strategiese inskrywingsbestuur om toegang en sukses te verbeter, deelname uit te brei, inklusiwiteit te bereik, en die US se reputasie as 'n voorkeuruniversiteit te handhaaf.

Omskrywing: Bepaal die getal studente wat op die amptelike sensusdatum in 'n spesifieke jaar by die US ingeskryf is (A). Bepaal daarna die totale studente uit die BSIA-groepe wat op die amptelike sensusdatum by die Universiteit ingeskryf is (B). Die waarde word bereken as B gedeel deur A. Die grafiek hieronder toon weer die werklike waardes in blou en die mikpunt vir 2024 in geel.




Afleiding: Met 'n waarde van 43,3% in 2020, het die US reeds 86,6% sukses behaal in die strewe na die mikpunt van 50% vir 2024.

(iii) Geweegde navorsingsuitseteenhede per VE-SLE-C1-personeellid

Hierdie maatstaf, wat drie bestaande SBA's saamvoeg, hou verband met die US se navorsingsuitsetsubsidie van die DHOO, wat op ons geweegde navorsingsuitseteenhede berus. Derhalwe dien dit as 'n aanduiding van die sukses en finansiële lewensvatbaarheid van die Universiteit.

Omskrywing: Bepaal die getal US-publikasie-eenhede wat vir 'n spesifieke akademiese jaar by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geakkrediteer is (A). Bepaal die getal navorsingsgedeeltes van magisterkwalifikasies wat toegeken is (B), sowel as die getal PhD's wat toegeken is (C). Bepaal laastens die totale getal voltyds-ekwivalente (VE) akademiese (C1-) personeellede, aangepas volgens seniorlektor-ekwivalente (SLE) personeellede (D). Bereken die waarde as $[1 \times (A+B) + 3 \times (C)]$ gedeel deur (D).




(iv) Instandhouding en verkryging van toerusting as 'n persentasie van totale inkomste

Die doel is om voortgesette belegging aan te moedig en te verseker om 'n mededingende voorsprong te behou en relevant te bly in die leer-en-onderrig- sowel as die navorsingsomgewing. Die huidige kriteria berus slegs op toerustingverkryging. Sodra die Kampusvernuwingsprojek voltooi is, sal die kriteria en mikpunt aangepas word om die algemener verkryging van vaste bates in te sluit.

Institusionele doelstelling: Die instandhouding en verbetering van wêreldklasfasiliteite

Omskrywing: Instandhoudingskoste van klein toerusting en meubels (akademiese geboue en huisvesting) en toerustingverkryging as 'n persentasie van die US se totale gekonsolideerde inkomste vir die jaar. Werklike waardes verskyn in blou en mikpunte in geel.




Afleiding: Hoewel ons vir 2024 'n mikpunt van 1,4% gestel het, het die US in 2020 reeds 1,8% behaal. Dít beteken ons besteding aan instandhouding en toerusting is meer as voldoende.

(v) **BSIA-personeellede as 'n persentasie van alle personeel (op alle posvlakke)**

Die doel is om transformasie en diversifisering van die personeelkorps in die hand te werk.

Institusionele doelstelling: Personeelbillikheid, -transformasie en -bevordering

Omskrywing: Bepaal die totale getal werknemers op Menslike Hulpbronne se salarisstaat op die amptelike sensusdatum in 'n spesifieke jaar (A). Bepaal dan die totale getal werknemers uit die BSIA-groepe op Menslike Hulpbronne se salarisstaat op dieselfde datum, wat diegene met permanente burgerskap en buitelanders uitsluit (B). Die waarde word bereken as B gedeel deur A. Werklike waardes verskyn in blou en mikpunte in geel.




Afleiding: Die US het in 2020 'n waarde van 50,2% behaal, en was dus 90,5% suksesvol in die strewende na die mikpunt van 55% vir 2024.

(vi) **Netto surplus vir die jongste voltooid boekjaar**

Institusionele doelstelling: Om te sorg dat die US se netto surplus op lang termyn volhoubaar is.

Omskrywing: Surplus op die US se gekonsolideerde inkomstestaat, met uitsluiting van beleggingstransaksies en enige impak van die verkoop van eiendom en toerusting ten opsigte van die vorige boekjaar.



1.2 Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV)

Die verantwoordelike sentrum Bedryf en Finansies, met die Bedryfshoof, prof Stan du Plessis, aan die stuur, stel die werkstroomverslag van die Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) saam wat ek sedert die totstandkoming van die IKBV in 2020 by my bestuursverslag insluit.

Bedryf en Finansies het egter hierdie kwartaal hulle eie geïntegreerde jaarverslag opgestel, met volledige terugvoer oor elke IKBV-werkstroom se werksaamhede die afgelope jaar. My bestuursverslag lig daarom net kernpunte van die IKBV se werksaamhede en kommunikasie in die verslagtydperk uit. Raadpleeg gerus die Bedryfshoof se verslag vir vollediger inligting.

Studente en personeellede is op 17 Mei op hulle hoede gestel teen die moontlike gevaar van 'n [derde vlaag](#) koronavirusinfeksies nadat prof Juliet Pulliam, direkteur van SACEMA (die DWI-NNS Sentrum van Uitnemendheid in Epidemiologiese Modelling en Ontleding), die jongste data voorgelê het, wat gedui het op 'n volgehoue landwye toename in infeksies. Studente en personeel is gemaan om uiters versigtig te wees en alle COVID-19-protokolle te volg. Die regering het toe ook die nasionale ramptoestand met 'n verdere maand, tot 15 Junie, verleng.

Ná oorweging van die implikasies van risikovlak 2 het die [IKBV op 4 Junie besluit](#) om vir die res van die eerste semester én die jaar met ARTLA (aangevulde afstandsonderrig, -leer en -assessering) voort te gaan. Fakulteite is 'n mate van buigsaamheid gegun om sekere modules ten volle aanlyn aan te bied, dog slegs nadat hulle alle tersaaklike faktore behoorlik in ag geneem het.

Die IKBV het personeel en studente ook ingelig oor WiFi-verbindings, vordering met die projek vir uitgebreide leerruimtes, die protokol vir lokaalbesprekings, en die belang daarvan om Higher Health se daaglikse risikobeoordelingsinstrument, HealthCheck, te gebruik.

Maar met COVID-19-gevalle in die Wes-Kaap sterk aan die styg, kon die IKBV op 10 Junie nie anders as om sekere [nuwe besluite](#) met US-wye implikasies te neem nie. Dit het ingesluit dat die US dadelik sou terugval op noodafstandsonderrig, -leer en -assessering (ERTLA), maar dat geskeduleerde A1-assesserings volgens plan sou voortgaan, met streng nakoming van COVID-19-protokolle.

Nadat president Cyril Ramaphosa die land op aangepaste risikovlak 3 geplaas het, het die IKBV se Mediese Advieskomitee op 17 Junie bevestig dat die US se COVID-19-eksamenprotokolle gepas was om 'n veilige omgewing te verseker vir die A2- en A3-assesserings om volgens plan in kontakvorm onder toesig plaas te vind. Die komitee het ook 'n lys [veiligheidsprosedures](#) voorsien. Om voorsiening te maak vir studente wat gedurende die A2-/A3-assesseringstydperk in Junie/Julie weens COVID-19 onder kwarantyn moes wees of isoleer, is 'n [bykomende assesseringsgeleentheid](#) vir eerstesemestermodules beskikbaar gestel.

Toe president Ramaphosa die land op 28 Junie op aangepaste risikovlak 4 plaas, moes die US selfs [verdere aanpassings](#) aanbring. Die A2-kontakeksamens is onder meer opgeskort en die reses vervroeg om van 28 Junie tot 9 Julie te duur. Personeellede en studente het ook ná die reses inligting oor assesserings en [semesterdatums](#) ontvang.

Die IKBV het die reëlings vir bykomende A4-assesseringsgeleenthede op 6 Julie [bygewerk](#), en verdere bywerkings, waaronder [instruksies](#) vir toegang tot A4-assesserings, het op 13 Julie gevolg.

Ná die onrus in KwaZulu-Natal en Gauteng is 'n [dringende besluit](#) ten opsigte van studentetoeegang tot A4-assesserings geneem. Aangesien dit moeilik sou wees om te bepaal watter studente wel deur die onrus geraak is, is A4-assesserings vir alle eerstesemestermodules beskikbaar gestel (buiten enkele uitsonderings, wat die betrokke fakulteite self gekommunikeer het).


Die IKBV het op 26 Julie aangekondig dat alle US-personeellede van 35 jaar en ouer – waaronder voltydse, deeltydse en kontrakpersoneel, en ook nagraadse studente wat aan die Universiteit klas gee – vir twee nuwe [inentingsinisiatiewe](#) in aanmerking sou kom.

En op 29 Julie het die Bedryfshoof die [planne vir die tweede semester](#) bekend gemaak. Hy het onder meer aangekondig dat die US op 10 Augustus, wanneer klasse weer begin, na ARTLA sou terugkeer in die lig daarvan dat die nasionale risikovlak weer tot 3 verslap is.

1.3 Die jongste nuus oor COVID-19 op kampus

COVID-19-tendense op kampus volg steeds die tendens in die land en streek. Infeksiesyfers onder personeellede en studente het in die verslagtydperk laag gebly. Daar was geen aanduidings van beduidende virusbrandpunte nie. Groepuitbrekings het wel in twee koshuise op Stellenboschkampus voorgekom ([sien 1.4 hieronder](#)).

Die Universiteit ontvang daaglikse verslae van Stellenbosch Hospitaal. Rektroraatslede kry weeklikse terugvoer, en dieselfde inligting word ook op die Universiteit se toegewyde [COVID-19-webblad](#) geplaas.




KGD-personeellede gaan voort om op die verskillende progressiefases van die siekte te reageer:

- KGD het sedert die aanvang van die inperking sy deure nog net een keer vir pasiëntbesoeke gesluit nadat twee personeellede positief getoets het. Die telegesondheidsprogram het egter in dié tyd doeltreffend gewerk en praktisyns kon pasiënte steeds bystaan.
- Pasiëntkonsultasies het van Mei tot Junie aansienlik toegeneem. Altesaam 95% hiervan was van aangesig tot aangesig, en 5% oor die foon. Konsultasies was hoofsaaklik met verpleegkundiges, en in 'n mindere mate met dokters en fisioterapeute.
- KGD werk steeds sy aan sy met die hospitaal en munisipaliteit op Stellenbosch om met sifting en kontakopsporing te help. Sodoende verlig hulle nie net die las op hospitaalpersoneel nie, maar bespoedig ook kontakopsporing onder die kampusgemeenskap.

1.4 COVID-19 in koshuise

Verskeie US-koshuisstudente het in Junie en Julie positief getoets vir COVID-19. Baie ander het geïsoleer nadat hulle in noue aanraking was met individue wat positief getoets het. Twee koshuise, Metanoia en Irene, het groepuitbrekings gehad. Al hierdie gevalle is in noue samewerking met die Kampusgesondheidsdiens ingevolge die toepaslike protokolle hanteer. Koshuise het steeds normaalweg gefunksioneer, en studente en personeellede het saamgewerk om te sorg dat dienslewering aan studente in isolasie voortduur.



1.5 Vroue van die US

Om Suid-Afrika se nasionale Vrouemaand (Augustus) te vier, het die US die veldtog #USvroue op sy webtuiste en sosialemediaplatforms aangebied. Die reeks artikels het die aandag gevestig op die prestasies van die merkwaardige vroue van ons instelling – van baanbrekersnavorsing, tot voorspraak vir innovasie, en positiewe verandering in hulle gemeenskappe deur hulle kundigheid en stemme te gebruik.

Daarbenewens het verskeie fakulteite en departemente geleenthede met 'n Vrouemaandtema aangebied. Dít sluit in die bekendstelling van *Covid Diaries: Women's Experience of the Pandemic*, 'n boek wat deur **prof Amanda Gouws** (Politieke Wetenskap) en **me Olivia Ezeobi** (Ekonomie) saamgestel is. Die Stellenbosse Vrouealumninetwerk ("SWAN") het ook 'n geleentheid aangebied met dr Naledi Pandor, 'n US-alumna en die huidige Minister van Internasionale Betrekkinge en Samewerking, as gasspreker. Vir meer oor #USvroue, [klik hier](#).

1.6 Wilcocksgebou heet nou na Krotoa

Die US se RW Wilcocksgebou is herdoop tot die Krotoagebou. Dié gebou is die tuiste van die departemente Geskiedenis en Sielkunde, die Afdeling Navorsingsontwikkeling, US Internasionaal, die US Argief, sowel as die Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (CREST).

Krotoa (1642–1674), 'n vrou van die Khoe-nasie, het aan die Kaap geleef in die tyd van Jan van Riebeeck, wat in 1652 'n nedersetting vir die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (die VOC) aan die suidpunt van Afrika kom vestig het. Krotoa, of "Eva" soos die Hollanders haar genoem het, het onder meer as 'n tolk en tussenganger tussen haar mense en die VOC opgetree. Verdere inligting [hier](#).

Die Uitvoerende Komitee van die US Raad (UK(R)) het die naamsverandering by sy vergadering van 16 Augustus 2021 goedgekeur nadat die Rektoraat in Junie 'n kortlys van voorgestelde name van die Komitee vir die Naamgewing van Geboue, Lokale en ander Fasiliteite/Persele ontvang het. Nadat die saak breedvoerig bespreek en verskeie aspekte, waaronder Krotoa se komplekse persoonlike geskiedenis, in ag geneem is, het die Rektoraat die naam aan die UK(R) voorgelê. [Klik hier](#) vir meer.

1.7 US nou nóg hoër op Times Higher Education-ranglys

Die US het sy plek op die Times Higher Education- (THE-)wêrelduniversiteitsranglys verder verbeter. Die [lys vir 2022](#), wat vroeg in September uitgereik is, plaas die US nou in die **tweede plek in SA**.

Die Universiteit verskyn weer in die kategorie 251–300 (vir die derde opeenvolgende jaar) en het een plek gestyg nadat dit op die ranglys vir 2021 nog derde in die land was. Die THE-ranglys bevat meer as 1 600 universiteite van 93 lande.

Die US het daarin geslaag om sy prestasie ten opsigte van die meeste van die THE-aanwysers te verbeter. Dít wil gedoen wees in die lig van die impak van die pandemie, en veral ook die unieke uitdagings waarmee universiteite in ontluikende ekonomieë te kampe het. Verdere inligting [hier](#).

1.8 Impakverslag oor filantropie en internasionalisering

Toe ek in 2015 as Rektor en Visekanselier aangestel is, het ek twee groeigebiede uitgelig waarop ek sou konsentreer, naamlik internasionalisering, en die uitbreiding van die Universiteit se beleggingsportefeulje deur fondswerwing.

Uitgebreide internasionalisering bou en versterk ons instelling se reputasie, en uitgebreide belegging verbreed toegang tot die hoër onderwys en stel ons in staat om studente wat finansiële bystand nodig het te ondersteun. Om hierdie twee gebiede te ontwikkel, het ons die portefeulje Strategie en Internasionalisering geskep, en ook die Afdeling Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge versterk.

Hierdie omgewings het in Julie 'n [impakverslag](#) uitgereik om oor hulle groei van 2015 tot 2021 te besin.

Te oordeel na die verslag is die US se internasionaliseringstrategie en wêreldwye fondswerwingsinisiatiewe deesdae hoekstene van die instelling se strewe om 'n volhoubare, florerende hoëronderwysinstelling te wees. Selfs te midde van die pandemie het dít die US in staat gestel om sy akademiese en navorsingsprogramme suksesvol voort te sit en die grondslag te lê vir die suksesse waarna die Universiteit ná COVID sal streef.

Die verslag toon ook duidelik dat filantropiese, korporatiewe en maatskaplikeverantwoordelikhedsbydraes sowel as testamentêre bemakings nou net so belangrik is soos tradisionele finansieringsmeganismes (staatsubsidies, studiegeld en navorsingstoekennings) om finansiële stabiliteit by universiteite te handhaaf.

1.9 Taalwebblad

As deel van die US se nuwe struktuur vir kwessiegegronde kommunikasie, is 'n toegewyde webblad vir die taalkwessie geskep. Hierdie blad bevat alle tersaaklike inligting oor taal by die Universiteit, onder meer die hersiening van die Taalbeleid, berigte en meningsartikels oor taal, mediaverklarings en -reaksies, sowel as gereelde vrae en antwoorde. Vir toegang tot die blad, [klik hier](#).

1.10 Fakulteitstransformasiekomitees

Raadplegende vergaderings is met 'n aantal fakulteitstransformasiekomitees gehou om hulle konsepopdrag te bespreek. Die komitees van die fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe, Ingenieurswese en Regsgeleerdheid het deelgeneem. Skakeling met die Dekaanforum het ook plaasgevind. Terugvoer uit hierdie sessies sal nou as grondslag dien om die tweede konsepopdrag op te stel, wat teen 31 Augustus 2021 beskikbaar sal wees. Gesprekke met die fakulteite Opvoedkunde en AgriWetenskappe om óók transformasiekomitees op die been te bring, duur voort.

1.11 Monitering van transformasie

Die ontwikkeling van die Monitering- en Ewaluerings- (M&E-)raamwerk vir Transformasie aan die US is tans in die navorsing- en vergelykingsfase. Die tydlyn vir die ontwikkelingsproses is opgestel om met die hersiening van die US Transformasieplan saam te val. Dít sal verseker dat die nuwe aanwysers wat uit die hersiene Transformasieplan spruit die grondslag van die M&E-raamwerk uitmaak. Die Transformasiekantoor werk boonop met die Ko-kurrikulumkantoor saam aan 'n raamwerk om die programme van die Transformasiekantoor te moniteer en te evalueer.

1.12 Visuele regstelling: *Evoking Transformation*

Die pas gepubliseerde boek *Evoking Transformation: Visual Redress at Stellenbosch University* bring die ervarings van kernrolspelers in visuele regstelling by die US byeen. **Proff Aslam Fataar** en **Elmarie Costandius** van onderskeidelik die US se departemente Opvoedingsbeleidstudie en Visuele Kunste was medesamestellers van die publikasie, wat op 27 Julie 2021 bekend gestel is. Die boek besin ook oor visuele regstelling tot op hede, en dink na oor die etos van oorlegpleging en sinvolle verandering wat met die projek van visuele regstelling gepaardgaan. Klik [hier](#) vir 'n video van die bekendstelling.

1.13 Eenheid vir Gelykwaardigheid

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid het aan die begin van Junie amptelik van die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling in die Afdeling Studentesake na die kantoor van die Viserektor: Leer en Onderrig verskuif.

Dit het egter nie die Eenheid daarvan weerhou om sy werksaamhede voort te sit nie. Aktiwiteite in die verslagtydperk het die volgende ingesluit:

- Aanvoer van die proses om die beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering en dié oor MIV/vigs te hersien en saam te voeg, met 'n sterk klem op die integrasie van geslagsgebaseerde geweld. 'n US-wye taakgroep is vir dié doel geskep.
- Gesprekvoering met eweknieë by ander Suid-Afrikaanse universiteite oor kwessies van geslagsgebaseerde geweld waarvoor alle hoëronderwysinstellings te staan kom.
- Deelname aan 'n tafelronde op 5 Julie oor Suid-Afrika se wetsontwerpe oor geslagsgebaseerde geweld onder leiding van prof Thuli Madonsela, bekleër van die US se leerstoel in sosiale geregtigheid in die Fakulteit Regsgeleerdheid.
- Die ontwikkeling van 'n aanlyn verslaggewing- en moniteringsinstrument om die aanmelding van voorvalle van onbillike diskriminasie en teistering vir personeellede en studente te vergemaklik.
- Aanbieding van 'n veldtog teen kuberboelies in samewerking met die Afdeling Studentesake by Tygerberg. Die veldtog is op 10 Augustus van stapel gestuur.
- Verkryging van Higher Health-finansiering van R500 000 ter ondersteuning van werk op die gebiede van MIV, seksueel oordraagbare infeksies, geslagsgebaseerde geweld, gestremdhede, middelmisbruik, geestesgesondheid, gender en COVID-19.
- Aanstelling van dr Jill Ryan as nuwe koördineerder van die projek teen geslagsgebaseerde geweld, en mnr Werner van Kerwel as ondersteuningsbeampte vir gevalleondersoeke.

Daarbenewens het die Eenheid se deurlopende opleidings- en werksessieaanbod in die tydperk Februarie tot Junie 948 personeellede en studente bereik.

1.14 MACE-toekennings

Ondanks die COVID-19-verwante uitdagings van die afgelope 20 maande het die kommunikasie- en bemerkingsberoepslui van die US uitstekend presteer by die uitnemendheidstoekennings van [MACE](#) ("Marketing, Advancement and Communication in Education") vir 2021. Inskrywings van 2020 én die eerste semester van 2021 is beoordeel.

Die US het by die virtuele plegtigheid op 29 Julie nie minder nie as **26 toekennings** verower. Dit sluit in 12 brons en nege silwer toekennings, twee goue toekennings (wat gaan aan die topinskrywings in elke kategorie) en 'n platinum toekenning (wat gaan aan die topinskrywings in elk van die drie toekenningsafdelings).

Die veldtog vir die Universiteit se COVID-19-noodlenigingsfonds het die **voorsitter se uitnemendheidstoekenning** ontvang, wat gaan aan 'n enkele inskrywing wat ware uitnemendheid in bemerking, bevordering of kommunikasie vergestalt. En aangesien ons die hoogste suksessyfer van alle deelnemende instellings gehad het, het die US ook die **Severus Cerff-toekenning vir deurlopende uitnemendheid** ingeoes. Klik [hier](#) vir verdere inligting.

1.15 US in die Nuus (11 Mei tot 26 Augustus)

(Alle items in **blou** en **rooi** hieronder bevat hiperskakels; klik gerus om toegang te verkry.)

Volgens die datastel van mediamoniteringsagentskap PEAR het die Universiteit in die oorsigtydperk sy goeie mediavertoning voortgesit. Die US het in Junie die tweede meeste algemene nuusbrokkies van alle Suid-Afrikaanse universiteite gehad, en die meeste in sowel Julie as Augustus.

Wat die subkategorie "Navorsing en innovasie" betref, het die US in Julie tweede geëindig, en eerste in Augustus.

Ons kenners het ook voortgegaan om die media van waardevolle inhoud en kommentaar oor COVID-19 te voorsien, en het sodoende die Universiteit se reputasie as 'n innoverende en maatskaplik verantwoordelike instelling verder verstewig.

Die verskeie institusionele aangeleenthede wat in die verslagtydperk in die nuus was, het die volgende ingesluit:

- US kry eie COVID-19-inentingsterrein (*Eikestadnuus, MatieMedia*)
- Die bekendstelling van die Skool vir Klimaatstudie (*The Witness, Eikestadnuus, Landbouweekblad, SABC News, News24*)
- Gevierde bio-inligtingskundige prof Tulio de Oliveira sluit by Universiteit Stellenbosch aan in stryd teen pandemies (*Die Burger, Volksblad*)
- Die aanstelling van die baanbrekeroorplantingchirurg, prof Elmi Muller, as nuwe dekaan van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (*Die Burger, Tygerburger, Radio Tygerberg, IOL*)
- 'n Rekordgetal kwalifikasies in 2020 toegeken ondanks COVID-19-uitdagings (*Maroela Media, MSN, Careers Portal*)
- Die Inge Lotz-stigting se skenking van R1 miljoen aan die US se Eenheid vir Bio-etiek (*Die Burger, Volksblad, Beeld*)
- Die bekendstelling van die AUDA-NEPAD se sentrum van uitnemendheid vir Afrika-innovasie (*Engineering News, CSIR, News24, Business Live*)
- Prof Pumla Gobodo-Madikizela wen Harry Oppenheimer-navorsingsbeurs vir 2020 (*Eikestadnuus, Engineering News, Polity, IOL*)
- 'n US-afwentelmaatskappy se werk om 'n plaaslike skool die land se eerste gesertifiseerde energiedoeltreffende skool te help word (*Eikestadnuus, Cape Argus, Engineering News*)
- Die vrystelling van 'n nuwe Afrikaanse tesourus (*Volksblad, Beeld, Die Burger*)

Die naamsverandering van die Wilcocksgebou na die KROTOAGEBOU het ook goeie mediadekking verseker (*Rapport, Cape Argus, Cape Times, Die Burger, Eikestadnuus, Smile FM, IOL*).

Die Universiteit se mediaverklarings is steeds 'n belangrike bron van publisiteit vir die instelling. Van die belangrikste verklarings die afgelope paar maande was soos volg:

- US help herbou vergete Faure (*Eikestadnuus, Tygerburger, Die Burger, Beeld, Volksblad*)
- Onderwysers het hulp nodig om leergestremdhede in klaskamer te identifiseer (*Die Burger, Radio Tygerberg, Radio Helderberg*)
- US implementeer afvalwatergebaseerde waarnemingsplatform vir vroeë opsporing van COVID-19-uitbreking (*The Herald, Times Live*)
- Maties wat Afrikaans studeer, help leerders met leesvaardighede (*Eikestadnuus, The Newspaper, IOL*)
- WhatsApp Chat Bot help mense met diabetes gedurende die pandemie (*Beeld, Die Burger, Smile FM, kykNET*)
- Grys walvis stel nuwe afstandrekord op (*Beeld, Cape Times, Moneyweb*)
- Die US bring aanlyn register vir studie oor Lang-COVID op die been (*The Witness, Cape Talk, SAFM, kykNET, Radio Islam, Newzroom Afrika, News24*)
- Gryswater: hoekom dit nie so slim is om jou tuin met wasgoedwater nat te lei nie (*Water Wheel, SABI Magazine, The Witness, Radio 702*)
- Honderde Kaapse pelsrobbe word jaarliks in vislyne en nette verstrengel (*Cape Argus, Cape Times, Die Burger, Beeld, Times Live*)
- Klop die hitte: kan die effek van klimaatsverandering op diere akkuraat voorspel word? (*Volksblad, Die Burger, Beeld*)
- US-houtkundiges help bou aan tweede Afrika-viool (*Cape Times, Die Burger, Beeld, Volksblad, IOL, SABC*)

Die US se Taalbeleid en die hersiening daarvan het steeds heelwat media-aandag ontvang. Die Universiteit se verklarings en artikels oor die onderwerp het hoofsaaklik gehandel oor die Menseregtekommissie se sitting op 14 en 15 Junie op Stellenboschkampus, en die bevindinge van die onafhanklike Deloitte-verslag:

- [Menseregtekommissie: US-personeel en studente getuig](#)
- [Geen opdrag om Afrikaans by die US te verbied nie, bevind Deloitte](#)
- [Deloitte-verslag oor taal in US-koshuise](#)

Van die mediaberigte wat daarná gevolg het, was [US-koshuisleiers se opleiding opgeskerp na ondersoek](#) (*Die Burger*), [Ons is bang om ons taal te praat](#) (*Die Burger*), [Studente 'streng ingelig' oor taal](#) (*Die Burger*) en [US: geen g'n Afrikaans](#) (*Eikestadnuus*).

Die Universiteit het sy belanghebbendes op hoogte gehou van vordering met die hersiening van die Taalbeleid (sien www.sun.ac.za/taal en, byvoorbeeld, [Reaksie op Taalbeleid ingewag](#) (*Die Burger*)), en terselfdertyd wanopvatting reggestel (sien [Akademiese potensiaal van Afrikaans deur US versterk](#) (*Die Burger*)).

US-personeellede het ook mediabydraes oor die taalkwessie gelewer, waaronder [Wie vind dan regtig baat?](#) (*Rapport*), [Meet US ook hieraan](#) (*Die Burger*), [Diverse groep bereik so eenstemmigheid](#) (*Die Burger*) en [Vat hande oor taal](#) (*Rapport*).

Ander taalverwante berigte wat in sowel die Afrikaanse as Engelse media verskyn het, is soos volg:

- [Taaltwis opgelos, sê US](#) (*Die Burger*)
- [Afrikaans nie verbied nie](#) (*Eikestadnuus*)
- [Wie skuil agter die DAK Netwerk?](#) (*Rapport*)
- ['Geen sinistere magte agter kritiek op US'](#) (*Die Burger*)
- [Why is Afrikaans and isiXhosa being sidelined at Stellenbosch University?](#) (News24)
- [Lost in \(mis\)translation: Probe into alleged ban on Afrikaans at Maties residences hears starkly conflicting arguments](#) (*Daily Maverick*)
- [OPINION | Stellenbosch language debate: A response to Leon Schreiber](#) (News24)

Benewens die taalwebblad wat onder meer die beleidshersieningsproses uiteensit (www.sun.ac.za/taal), is 'n nuwe [meertaligheidsblad](#) ook geskep. Hierdie blad bied verdere inligting oor die Universiteit se reaksie op die taaldebat die afgelope paar maande.

Denkleierskap: Ons akademiese personeellede gaan voort om US-navorsing vir eksterne gehore toeganklik te maak deur denkleierskapstukke vir [The Conversation](#) te skryf. Altesaam 21 van ons bydraers het in die verslagtydperk 22 artikels die lig laat sien, wat gesamentlik net meer as 496 000 keer gelees is.

Menslike kapitaal: Volgens PEAR se mediamonitoring van individue by die US het 234 mediabrokkies in Julie en 258 in Augustus na die Universiteit se menslike kapitaal verwys. Dít word as 'n beduidende bydraer tot mediadekking beskou, veral in die subkategorie "Navorsing en innovasie".

Boonop het personeel en studente van die US weer 'n groot getal **meningsartikels**, **hoofartikels** en **rubrieke** opgelewer (sien BYLAAG). Die Mediakantoor het ook die pers van kennerslyste voorsien om kommentaar te lewer oor onder andere Wêreldomgewingsdag, die onrus in KwaZulu-Natal en Gauteng, die Olimpiese en Paralimpiese Spele, Mandeladag en Vrouedag.

1.16 Opknapping van US Biblioteek

Die projek om die US Biblioteek se voorportaal, uitleenarea (**regs bo**), studieruimte (**regs onder**), rekenaargebruikerareas, lokaleareanetwerk- (LAN-)kamers en kleedkamers op te knap is goed op dreef.

Die biblioteek bly in gebruik terwyl die werk gedoen word en die verwagte voltooiingsdatum is 30 November.



1.17 Biblioteekdienste op 'n afstand

Nadat die US se Biblioteek- en Inligtingsdiens sedert die begin van 2021 beperkte sitplekke aan kliënte beskikbaar gestel het (**sien foto hieronder**), is daar in Julie besluit om biblioteekgeboue vir die vlak 4-inperking te sluit en sodoende die verspreiding van die COVID-19-virus te help keer. Dienste is egter op 'n afstand voortgesit. Personeellede het aanlyn navorsings-, onderrig- en leerondersteuning van die huis af voorsien. Hulle het ook by 'n rooster van behoorlik gespaseerde biblioteekbesoeke gehou om materiaal af te haal of te skandeer en streng volgens afspraak met kliënte te ontmoet wat fisiese materiaal moes kom optel. Biblioteekgebruikers het groot waardering uitgespreek vir die Biblioteek se kreatiwiteit om alternatiewe vorme van bystand te voorsien.



1.18 Makerspace kry momentum

Heelparty Makerspace-dienste is in fases in werking gestel sedert dié fasiliteit in Maart in die US Biblioteek geopen is. Ná die sluiting van die LeNS Lab in die Departement Visuele Kunste was daar reeds 'n aantal gesprekke oor moontlike samewerking tussen Visuele Kunste en die Makerspace om die kunstekurrikulum te versterk.

Hoewel die pandemieregulasies die gebruik van die fisiese ruimte beperk, het die fasiliteit in die eerste semester 24 kliënte en tien akademici vir toere ontvang. Altesaam 87 kliënte het die ontwerp- en konstruksiewerkareas gebruik, terwyl praktiese opleidingsessies vir 13 kliënte aangebied is. Die 3D-skandeer-en-drukdiens is reeds gewild en het tot op hede vyf suksesvolle skanderings en 49 drukstukke opgelewer.

1.19 Stelselvernuwing (SUNFin en SUNStudent)

Dié inligting is aangepas uit die jaarverslag van die verantwoordelikhedsentrum Bedryf en Finansies.

SUNFin

Die Rektooraat het op 18 Junie 2020 'n aanbeveling goedgekeur om die SUNFin-implementering van 4 Januarie 2021 tot 1 Julie 2021 uit te stel, op grond van verskeie faktore wat deur die SUNFin-beheer Komitee voorgelê is. Daar is op 3 Februarie 2021 met die beheer Komitee oor 'n projekintervensie ooreengekom om sekere implementeringsrisiko's die hoof te bied.

Uitvoerige beplanning en skattings is gevolglik op 'n aantal gebiede onderneem, waaronder bedryfsoptimalisering, toetsing, opleiding, databestuur, integrasie, en die raamwerk vir na-implementeringsteun. Die skattings is in 'n bygewerkte projekplan saamgevat en met 'n kernspan bespreek om die impak op die projektydlyn te bepaal.

Dit was duidelik dat implementering op 1 Julie 2021 nie haalbaar sou wees nie. Die Rektroraat het goedgekeur dat die projekplan en begroting hersien moet word.

Die Oudit- en Risikokomitee van die Raad het intussen 'n onafhanklike hoëvlakbeoordeling van die SUNFin-projek aangevra. Hierdie beoordeling is op 2 Julie voltooi en die bevindinge is by die beheerkomiteevergadering van 13 Julie bekend gemaak. Die kernbevindinge het bykomende aanpassings aan die projekplan tot gevolg gehad. By die skryf van hierdie verslag sou die plan in September vir finale goedkeuring voor die beheerkomitee en Rektroraat dien.

SUNStudent

Ná die aanvanklike stelselaktivering vir voorgraadse aansoeke op 6 April, en vir Krygskunde op 28 April, is nagraadse en telematiese aansoeke op 1 Junie in werking gestel. Aansoeke vir US Internasionaal, nadoktorale studie en spesiale studente is op 9 Augustus geaktiveer.

Voorgraadse toelatings is tussen 3 en 14 Julie in fases volgens fakulteit geaktiveer, en nagraadse en telematiese toelatings het op 9 Augustus gevolg. Toelatings vir Krygskunde, US Internasionaal, nadoktorale studie en spesiale studente sou op 30 Augustus geïmplementeer word.

'n Virtuele SUNStudent-steunsentrum vir na-aktiveringsteun is amptelik op 6 April in bedryf gestel. Die sentrale SSS word deur funksionele supergebruikers ondersteun, wat as die eerste ondersteuningsvlak dien.

Aansienlik meer studieaansoeke is vergeleke met vorige jare ontvang en gebruikers het tyd nodig om met die nuwe stelsel en sy prosesse vertrouwd te raak. Gevolglik raak die proses vir aansoekbeoordeling en studieaanbiedinge stadig maar seker agter. Bykomende hulpbronne is dus bekom om met die aansoekbeoordelingsproses te help. SUNStudent het vir eers alle toekomstige projekwerkzaamhede gestaak om op die optimalisering van die bestaande prosesse te konsentreer.

1.20 Institusionele oudit deur RHO aan die kom

Die Raad op Hoër Onderwys (RHO) begin vanjaar met sy derde gehalteversekeringsiklus, wat weer institusionele oudits sal insluit. Alle hoëronderwysinstellings moet oor hulle interne gehalteversekeringsstelsels besin, en bewys lewer van voldoening aan 16 standaarde op die volgende vier fokusgebiede:

- Oorsigbestuur, strategiese beplanning, bestuur en leierskap ter ondersteuning van die kern-akademiese werkzaamhede (standaarde 1 tot 4)
- Ontwerp en implementering van 'n institusionele gehaltebestuurstelsel ter ondersteuning van die kern-akademiese werkzaamhede (standaarde 5 tot 8)
- Samehang en integrasie van die institusionele gehaltebestuurstelsel ter ondersteuning van die kern-akademiese werkzaamhede (standaarde 9 tot 12)
- Kurrikulumontwikkeling, leer en onderrig ter ondersteuning van studentesukses (standaarde 13 tot 16)

Die Rektroraat en dekane het in die oorsigtydperk met 'n RHO-afvaardiging ontmoet om die aard, omvang en datums van die US-oudit te bespreek. Die US sal eers 'n komitee aanstel vir die skryf van, oorlegpleging oor en goedkeuring van 'n institusionele selfevalueringsverslag, wat teen die einde van die eerste semester van 2022 by die RHO ingedien moet word. Daarna sal die RHO in die tweede semester van 2022 die US vir ewekniebeoordeling besoek.

1.21 Universiteitsvermoëbutoelaag (“UCDG”)

Die US het sy jaarlikse UCDG-verslag aan die DHOO voorgelê. Die verslag dui daarop dat die Universiteit in 2020 altesaam 90% van sy toegekende begroting bestee het. Trouens, die US handhaaf reeds sedert 2018 ’n bestedingsvlak van meer as 90% van die UCDG-toekenning. Alle projekte van 2020 duur vanjaar voort. Hierdie projekte is Mobilex, onderriggenootskappe, opleiding vir departementshoofde, die kortkursus Akademieskap van Onderwysleierskap, die ontwikkeling van die nagraadse pypleiding, die ontwikkeling van nuwelingakademië, die studentetredhoustelsel, opleiding in portuurleerfasilitering, en programvernuwing.

TEMA 2: ’N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

Ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) lui soos volg oor ’n transformerende studenteverving: “Met hierdie voorneme wil ons toesien dat die US toeganklik is vir kwalifiserende studente uit alle agtergronde, met inbegrip van studente wat hindernisse vir deelname aan universiteitsonderwys ervaar. Ons beskou dit as ’n reis – van ons eerste kontak met voornemende studente totdat hulle afstudeer en die rol van alumni vervul.” Dit behels ook “die voorsiening van groeigeleenthede aan alle voor- en nagraadse studente, wat insluit leiding, steun en dienste deur die US om studentesukses te verseker”.


2.1 Aansoeke en inskrywings

Altesaam 55 192 voorgraadse aansoeke is teen 23 Augustus met die oog op studie in 2022 ingedien, en 30 407 daarvan is beoordeel.

Aansoeke in fakulteite waar slegs eerstekeuseprogramaansoeke voorheen aanvaar is, toon steeds ’n aansienlike toename. Voornemende studente kan nou om tot en met drie programme aansoek doen.

Die grafiek hieronder bevat verdere besonderhede.

VOORGRAADSE AANSOEKE – AUGUSTUS 2021



Die getal inskrywings vir 2021 het ook van Junie tot Augustus gestyg. Inskrywings deur geleentheidstudente het van 812 tot 1 126 toegeneem, voorgraadse studente van 20 272 tot 20 732, en nagraadse studente van 10 456 tot 10 640.

2.2 Aanlyn inskkelingsprogram

Die tweede aflewering van die aanlyn inskkelingsprogram vir voorlopig aanvaarde studente word tans beplan, en sal in die tweede semester in werking gestel word. Eerstejaargestudente wat in Februarie 2021 die eerste aflewering van die inisiatief deurloop het, is gevra om 'n opname oor hulle ervaring te voltooi. Die terugvoer sal gebruik word om die program verder te verbeter. Die aanlyn inskkelingsprogram bied voornemende studente waardevolle inligting oor die Universiteit, hulle fakulteite en studieverwante onderwerpe, en alles is maklik toeganklik op die Universiteit se leerbestuurstelsel, SUNLearn.

2.3 Portuurleerfasilitering

Die kortkursus oor portuurleerfasilitering in die eerste semester was 'n groot sukses. Meer as 120 van die 188 studente wat vir die opleiding in aanmerking gekom het, het die kursus voltooi, en sal aan die einde van die jaar hulle erkenning op hulle akademiese transkripte ontvang. Inskrywings vir die tweedesemesterkursus het op 20 Augustus gesluit.

Boonop het die Sentrum vir Onderrig en Leer van 25 tot 27 Augustus 'n selfontwikkelingsinisiatief vir US-tutors aangebied. Die sentrums vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap (in die Ko-kurrikulumkantoor) en Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO) sowel as belangstellende fakulteite en departemente het die geleentheid help reël. Die doel was om 'n ondersteuningsgemeenskap te skep wat tutors 'n ruimte sal bied om mekaar in hulle werk te ondersteun en die goue middeweg tussen hulle tutorpligte, eie akademiese verantwoordelikhede en vrye tyd te vind.

2.4 SUNTrack (nou SUNSuccess)

Die bloudrukfase van SUNTrack, 'n projek wat deur die Universiteitsvermoëbutoelaag (UCDG) gefinansier word, is voltooi. Die doel van die inisiatief is om tred te hou met studente se psigososiale en akademiese suksesfaktore. Spesifieke projekoogmerke is om:

- voor- (fase 1) en nagraadse studente (fase 2) van terugvoer oor hulle prestasie te voorsien, en steun voor te stel waar dit nodig is;
- akademiese personeel en bestuurslede 'n volledige prentjie van 'n student se vordering te bied, sowel as vroeë waarskuwings op grond van 'n student se punte; en
- professionele administratiewe en akademiese steunpersoneel 'n oorsig van 'n student se vordering en steungeskiedenis te bied.

Die projek is herdoop tot "SUNSuccess" en sal voortaan as 'n module van SUNStudent bestuur word. Werksessies om die bedryfsreëls en ander besonderhede van SUNSuccess uit te pluig vind in September plaas.

2.5 Virtuele US-loopbaanskou

Die Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste (EGL) in die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO) bied jaarliks 'n algemene, Rekeningkunde- en Ingenieurswese-loopbaanskou aan. Hier kry studente 'n geleentheid om met werkgewers oor beurse, internskappe en loopbaanmoontlikhede te gesels.

Weens die pandemie-inperkings het die Eenheid sy aanbod na die kuberruim verskuif en op 24 Augustus 'n virtuele US-loopbaanskou aangebied. Die virtuele platform is ontwikkel met die tegniese bystand van diensverskaffer EasyVirtualFair, en met bydraes van die afdelings Inligtingsoorsigbestuur sowel as Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking. Die platform sal vir 'n maand ná die regstreekse geleentheid toeganklik bly sodat studente vir 'n langer tydperk toegang tot die beskikbare geleenthede geniet.

Die EGL het ook in Julie saam met ander universiteite se loopbaandienssentrums aan die virtuele loopbaanskou van die Suid-Afrikaanse Werkgewersvereniging vir Gegradueerdes deelgeneem.

2.6 Toets- en eksamensteun

Eksamenvoorbereidings in studentegemeenskappe en koshuise is ontwrig toe die land kort ná die aanvang van die eksamentydperk weer op COVID-risikvlak 4 geplaas is, wat 'n skielike oorskakeling van kontak- na aanlyn assesserings vereis het. Sowat 25% van studente het vir die reses en aanlyn eksamens in hulle koshuise gebly.

Die sentrums vir Studentevoorligting en -ontwikkeling sowel as Studentegemeenskappe het verskeie vorme van steun in werking gestel. Dít het ingesluit portuurmentors vir alle nuwelingstudente, onderlinge akademiese ondersteuning tussen studente, fisiese steun om eksamens te kan aflê (soos die uitleen van rekenaars en ander toerusting) en welstandsondersteuning.

Studente met gestremdhede kon in Mei met die oog op die Junie-eksamen om toets- en eksamenvergunninge aansoek doen. Danksy dié proses wat betreklik vlot verloop het, sowel as welkome buigsaamheid van die Eksamenkantoor, kon individuele noodmaatreëls ingestel word.

2.7 Leierskapsopleiding en -verkiesings

Die derde kwartaal is verkiesingstyd in ons studentegemeenskappe, en is ook wanneer leierskapsopleiding vir nuwe studenteleiers 'n aanvang neem. Die proses begin met opleiding vir voornemende leiers in die eerste week van die derde kwartaal en eindig met die jaargesprekke laat in die vierde kwartaal. Die COVID-19-pandemie het ongelukkig die normale studentegemeenskapslewe omvergegooi, en baie van die studenteleiers vir 2022 wat in Augustus verkies is, sal waarskynlik nie die studentelewe in COVID-19-vrye omstandighede kan ervaar nie.

2.8 Hersiening van studentegrondwette

Sowel die Studenteraad (SR) as die Tygerbergstudenteraad (TSR) hersien vanjaar hulle studentegrondwette. Die SR-grondwet is laas in 2019 hersien. Volgens daardie dokument is die SR verplig om ná drie jaar 'n referendum te hou waarin die studentegrondwet hersien word. Enige veranderinge aan die grondwet moet met die US Statuut strook. Hoewel die Tygerbergstudentegrondwet na regte elke vyf jaar hersien moet word, is dit laas in 2013 gedoen, en moes dit dus lankal gebeur het.

2.9 Geestesgesondheid van studente

Die eenhede vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling sowel as Psigoterapeutiese en Ondersteuningsdienste in die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) het in die weke voor die aanvang van die eerstesemestereksamens (assesserings 2 en 3) 'n aansienlike toename in die getal en erns van gevalle beleef. Altesaam 414 akademiese steunsessies en 1 191 psigoterapeutiese steunsessies is in Junie aangebied, vergeleke met gemiddeld 297 akademiese en 972 psigoterapeutiese steunsessies in Maart, April en Mei. Heelwat meer studente het om hulp met erge angs aangeklop. Hulle angs is hoofsaaklik aangewakker deur onsekerheid oor die formaat van die Junie-eksamen (aanlyn of kontak), en oor wat sou gebeur indien hulle die A2- en/of A3-eksamengeleenthede misloop as hulle in daardie stadium in isolasie is of COVID-19 opdoen. Die Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) het later 'n A4-geleentheid aangekondig.

2.10 Bevraagteken gestremdheden

Die Eenheid vir Gestremdhede onderneem 'n aantal werksaamhede om huidige denke oor gestremdheid te bevraagteken.

In die kurrikulum-erkende program Lead with Disability ontvang studente ses weke se opleiding oor universele toegang, en ondersoek begrippe soos redelike voorsiening, universele ontwerp, universele ontwerp vir leer, en progressiewe verwesenliking. Hulle doen ook ervaringsleeroefeninge om hierdie begrippe toe te pas. Vanjaar se Studenteraad op sowel die Stellenbosch- as Tygerbergkampus het die opleiding voltooi.

Die Eenheid het ook in die verslagtydperk 'n werksessie oor neurodiversiteit vir die Metanoia-bemagtigingsforum en aanlyn werksessies oor Suid-Afrikaanse Gebaretaal vir personeellede en studente aangebied.

Die Eenheid vir Gestremdhede gaan ook voort om in samewerking met Menslike Hulpbronne en die Transformasiekantoor transformerende personeelsessies aan te bied. Twee sessies het tot dusver vanjaar plaasgevind. Die eerste het gehandel oor gestremdhedsinsluiting, en hoe om 'n meer ondersteunende en tegemoetkomende werkplek vir personeel met gestremdhede te skep. Die tweede was oor kinders en gestremdheid.

2.11 Maties Sport by die Olimpiese en Paralimpiese Spele



Twintig van ons studente-atlete, personeellede en alumni het deel uitgemaak van die Suid-Afrikaanse span vir die Olimpiese Spele 2020 in Tokio (*sien foto links*), terwyl die Maties-swemmer Robyn Young (*foto hieronder*) die Swazilandvlag gedra het.

Maties Hokie en Maties Watersport was goed verteenwoordig by die Spele. Op die hokkieveld het sowel die mans as vroue in die groepphases met strawwe mededinging te doen gekry, maar steeds hulleself gehandhaaf. Alumnus Keenan Horne het 'n kernrol vervul in 'n geskiedkundige oorwinning van 4-3 oor Duitsland, met 'n doel langs sy naam.

'n Sterk groep van sewe Maties Waterpolo-atlete het ook aan die Olimpiese Spele deelgeneem.



By die skryf van hierdie verslag het die Paralimpiese Spele in Tokio pas geëindig. Tien atlete en twee afrigters van Maties Sport het deelgeneem.

TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

Hierdie kern strategiese tema word soos volg bespreek in ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#): "As deel van ons missie, het ons by die US ons bereid verklaar om die wêreld rondom ons deur samewerking te beïnvloed en te verander, en self ook verandering te omarm en daarop te reageer. Die kern van ons missie is dat wat in die wêreld gebeur ons navorsing, ons onderrig en leer sowel as ons skakeling rig, en dat wat by ons universiteit gebeur vir die wêreld van belang is. As 'n universiteit, is ons verbind tot Suid-Afrika en Afrika. Terselfdertyd is ons terdeë bewus van ons rol in en verbondenheid aan die internasionale arena. Om te inspireer én geïnspireer te word, sal die US **skakel en saamwerk** met **belanghebbendes**, die **gemeenskappe** wat ons bedien, die **bedryf**, die **regering** en ons **universiteitsvennote** in **plaaslike, streeks-, vastelands- en wêreldverband**. Ons benadering tot samewerking en skakeling strook met ons waardes, met spesifieke verwysing na respek, deernis en billikheid."

3.1 Stap vir Sosiale Geregtigheid op Jeugdag

Verskeie US-kollegas het hulle op 16 Junie by 'n groep van 50 Stellenbossers aangesluit om die nuwe Roete vir Sosiale Geregtigheid – van die Rynse Sendingkerk (Die Braak) tot by Pniël – die eerste keer te stap. Visit Stellenbosch (die Stellenbosse toerisme-owerheid) het die staptog in samewerking met 'n aantal vennote van die universiteitsdorp gereël. Kyk [hierdie video](#) vir meer oor die staptog, waartydens daar onder meer oor die geskiedenis van die Ou Lückhoffskool besin is.



3.2 Opvoedkundige tolking

Die Tolkdiens in die Taalsentrum het as deel van hulle navorsingswerkzaamhede in Julie 'n aanlyn werksessie met die Departement Tolking en Vertaling van die Universiteit van Bologna (UNIBO), Italië, gehou. UNIBO, die oudste universiteit in Europa, het onlangs opvoedkundige tolking in die taalkombinasie Engels–Italiaans bekend gestel as deel van sy pogings om internasionalisering aan te moedig. Een van die kerndoelwitte van die werksessie was om die tegnologie wat vir aanlyn afstandstolking gebruik word te evalueer.

3.3 Museumskakeling gaan voort in die kuberruim

Die US Museum sit sy program van skakeling voort – nou net in die kuberruim.

Die Museum het in samewerking met die Leerstoel in Historiese Trauma en Transformasie 'n **openbare webinaar** oor die tema “Ontwrig Stellenbosch/Stellenbosch Ontwrig: Visuele regstelling as 'n reaksie op historiese pyn en onreg” aangebied. 'n Paneel praktisyns en vakkundiges het oor die prosesse van regstelling op Stellenbosch en by die US besin.

Die eerste **Woensdag-kunsbespreking** – die kuberweergawe van die gewilde Woensdag-kuns rondleiding – het op 30 Junie plaasgevind en oor die kunsontwikkelingsprogram PIAD (“Programme for Innovation in Artform Development”) gehandel. PIAD ondersoek hoe tegnologie, interdisiplinêre navorsing en eksperimentele kuns byeengebring kan word om 'n positiewe invloed op gemeenskappe te hê. Die tweede bespreking op 14 Julie het oor spiritualiteit en naasbestaan gehandel, met gassprekers Steve Willis en Fatih Benzer, albei praktiserende kunstenaars en dosente aan die Missouri-staatsuniversiteit, Verenigde State.

Vir die Museum se **Just Conversation**-geleentheid op 25 Mei het drs Laura van Broekhoven en Olusegun Morakinyo oor “Die restituisie van Afrikakennis en -voorwerpe” gesels. Van Broekhoven is die direkteur van die Pitts River-museum by die Universiteit van Oxford, en Morakinyo is 'n navorsingsgenoot by die Sentrum vir Transdisiplinêre Studie aan die Universiteit van Fort Hare. 'n Volgende aflewering van Just Conversations op 23 Junie het die kwesbaarheid van die Suid-Afrikaanse jeug in die arbeidsmark ondersoek. Die gassprekers was prof John Volmink en mnr Anthony Martin Andrews, wat albei by die Ubuntu-leiersakademie betrokke is.

Laastens het die **Ubuntu-dialoogprojek** op 13 Julie sy eerste aanlyn praktisynsimposium oor die tema “Herbedink gedenk- en gespreksterreine: Beloftes van ubuntu, pan-Afrikanisme en

dekolonisasie” aangebied. Boonop het nuwe aansoeke om die nagraadse genootskap van die Ubuntu-dialoogprojek op 31 Julie gesluit.

3.4 Memorandum van verstandhouding tussen die US en die Sweedse ICLD

Die Afdeling Sosiale Impak het as fasiliteerder opgetree vir die ondertekening van ’n memorandum van verstandhouding (MvV) tussen die US en die Sweedse Internasionale Sentrum vir Plaaslike Demokrasie (ICLD). Die ICLD is ’n organisasie sonder winsoogmerk wat deur die Sweedse Internasionale Ontwikkelingsamewerkingsagentskap (Sida) gefinansier word. Die missie van die organisasie is om demokratiese deelname en verandering op ’n plaaslike vlak te ondersteun deur middel van vennootskapsprogramme tussen universiteite en munisipaliteite, internasionale opleiding en navorsing.

Die twee jaar lange ooreenkoms behels onder meer stipendiums vir magisterstudente om hulle tesse te skryf by die munisipaliteite met wie die ICLD saamwerk (waaronder Stellenbosch Munisipaliteit), die aanbidding van gesamentlike seminare en werksessies, en die betrokkenheid van navorsers as eksterne kenners by munisipale vennootskapsprogramme en internasionale opleiding.

Die ICLD wil plaaslike rolspelers ondersteun om demokratiese ontwikkeling te bevorder. Daarom is die doel van die MvV om kennis oor die uitdagings en geleenthede verbonde aan demokrasie in plaaslike verband te skep en uit te ruil.

3.5 Personeel van Kampusgesondheidsdiens hou US en SA se naam hoog

Ons is trots op ons personele wat nie net die US nie, maar ook die land op die internasionale verhoog verteenwoordig.

Die senior direkteur van die Kampusgesondheidsdiens (KGD), dr Pierre Viviers, is aangestel as ’n deskundige in die bestuur van kantlyn-hoofbeserings as deel van die mediese span wat in Julie en Augustus 2021 gedurende die Britse en Ierse Leeus se rugbytoer na die Springbokke omgesien het.

Daarbenewens was die KGD se mediese direkteur, dr Craig Thompson, en fisioterapeut Tanya Green onder die mediese personeel wat die Suid-Afrikaanse Olimpiese span na die Olimpiese Spele van 2020 in Tokio vergesel het.

3.6 US Woordfees en US Koor

Die projek Woorde Open Wêreld ([WOW](#)) het in Mei en Junie ’n webinarreeks aangebied vir alle opvoeders wat gemoeid is met Afrikaans-, Engels- en Xhosa-letterkundeonderrig vir graad 4 tot 7. Die eerste WOW-webinaar, met die tema “Literature is Lit”, is deur vakadviseurs van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement aangebied. Meer as 1 500 opvoeders het ingeskakel.

Daarbenewens het die WOW 50-skole-werwingsprojek, wat deur die Afdeling Sosiale Impak ondersteun word, vier skole op Oudtshoorn en George besoek. Hierdie besoek het deel uitgemaak van ’n wyer US-uitreikaksie na die munisipale gebied Oudtshoorn. Voornemende studente met ’n gemiddelde van 65% of hoër is bygestaan met hulle keuse van voorgraadse programme, die US se elektroniese aansoekproses, aansoeke om finansiële bystand, en voorbereiding vir hulle Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.

COVID-19 ontwrig steeds die werksaamhede van die US Koor. Stengroepe repeteer afsonderlik om aan huidige protokolle te voldoen. Altesaam 320 aansoeke is tot dusver ontvang van studente wat graag in 2022 in die koor wil sing.

Die **Toyota US Woordfees** word vanjaar op televisie uitgesaai, en sal van 1 tot 7 Oktober plaasvind. Klik [hier](#) vir meer daaroor.

3.7 Umoja Afrikastudenteleiersnetwerk


Die US het op 10 en 11 Junie die eerste beraad van die Umoja Afrikastudenteleiersnetwerk aanlyn aangebied. Mnr Anele Mdepa van Studentesake en dr Nico Elema van US Internasionaal het as die sameroepers van die beraad opgetree. Die geleentheid het gehandel oor die lesse wat die hoëronderrigsektor in Afrika sowel as die wêreldgemeenskap uit COVID-19 geleer het. Kollegas van 12 Afrika-universiteite het in die beheer Komitee vir die beraad gedien. Die temas is strategiese keuses om Afrika vorentoe te neem, met die Afrika-unie se Agenda 2063-doelwitte as rigspoor.

TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

Luidens [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) behels hierdie kern strategiese tema die volgende: “Die US pak hiermee ’n reis van **genetwerkte en samewerkende onderrig en leer** aan deur leergemeenskappe te skep waar studente, personeel en alumni sinvolle leer kan ervaar. Die US bevorder ’n leergerigte benadering tot onderrig, met die klem op leer as ’n vennootskap, wat studente as medeskeppers van kennis en leeromgewings beskou. Binne ’n leergerigte benadering werk onderrigaktiwiteite kennisbou in die hand en word studente aktief by hul eie leer betrek.”

4.1 Hibriediese leer

Drie versoeke is sedert Junie 2020 uitgereik vir fakulteite om nuwe [hibriediese leer- \(HL-\)](#)aanbiedinge vir ontwikkeling te benoem. In reaksie op die eerste twee versoeke word verskeie programme, modules en leereenhede vir implementering in 2022 en 2023 ontwikkel. **(Sien *langsaa*n vir skermskote van ’n paar van die kursusse wat in die fakulteite Ingenieurswese, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe sowel as Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe ontwikkel word.)**



Een voorbeeld is ’n nuwe, gestruktureerde magisterprogram in Ingenieursbestuur wat in antwoord op die tweede versoek gefinansier word. Die akademiese leier van die program, prof Calie Pistorius, bedryfspraktisyns en akademiese personeel van die Departement Bedryfsingenieurswese werk die afgelope ruk met die US se [groeïende HL-leerontwerpspan](#) saam om die program vir implementering in 2022 gereed te kry. Die verwagting is dat dié graad veral werkende beroepslui plaaslik en internasionaal sal lok danksy die buigsame rooster vir sowel voltydse as deeltydse studie. Dit kan ook groot byval vind by studente wat op soek is na ’n program wat dissiplinêre grense oorstee, met ’n sterk klem op ontluikende tegnologieë.

Ter voorbereiding vir die derde versoek vir voorstelle, wat op 22 Julie 2021 uitgereik is, is ’n werksessie oor strategiese HL-kursusportefeuljies op 14 Julie vir dekane, visedekane vir leer en onderrig, fakulteitsbestuurders en ander belanghebbendes aangebied. By dié geleentheid het die HL-projekbestuurder en digitale bemarkingspesialis fakulteite raad gegee oor hoe om hulle huidige HL-inisiatiewe te verbeter en nuwe geleenthede op grond van ontluikende bedryfs- en markdendense te identifiseer. Die vierde en vyfde versoeke vir voorstelle volg in 2022.

Die US se HL-bedryfsplan maak voorsiening vir ’n vennootskap met ’n internasionale aanlynleerverskaffer sodat die Universiteit die wêreldwye studentemark kan bereik. Die Universiteit is tans besig met hierdie proses. Drie moontlike vennote is op ’n kortlys geplaas en ’n proses van

verdere gesprekvoering is met die Bedryfshoof se goedkeuring gevolg. Die uitslag van die tender sal binnekort aangekondig word.

4.2 Internasionale Diensleersimposium

Die US het op 11 Junie saam met ons vennote, die universiteite van Nicosia (Ciprus) en Indianapolis (Verenigde State), aan die agtste Internasionale Diensleersimposium (ISSL) deelgeneem. Die aanlyn simposium het gehandel oor die tema van kritiese diensleer en hoe om onderrig in maatskaplike optrede om te skakel. Twaalf US-verteenwoordigers het deelgeneem en 'n video oor die diensleerwerk van ons fakulteite en professionele administratiewe en akademiese steundienste- (PASD-)omgewings vervaardig en vertoon. Vir verdere inligting, lees die [artikel](#) wat op die US se eie platforms en aan die algemene media vrygestel is.

4.3 Interkulturele Kommunikasie vir Ingenieurs

Die module Professionele Kommunikasie wat die afgelope 15 jaar verpligtend was vir alle Ingenieurswese-eerstejaars is in die eerste semester van 2021 met Interkulturele Kommunikasie vervang. Die nuwe module beoog om studente op 'n diverse studie- en werksomgewing voor te berei deur hulle met doeltreffende interkulturele kommunikasievaardighede toe te rus. Die module, wat deur personeellede van die Taalsentrum aangebied en gefasiliteer word, onderstreep die Fakulteit Ingenieurswese se toewyding daaraan om kritiese en betrokke gegradueerdes op te lewer wat hulle plek in 'n diverse, multikulturele samelewing kan vol staan.

Studente verken die verskillende dimensies van kultuur om hulle in staat te stel om met mense uit verskeie kulture te kan omgaan, en ontwikkel sodoende vaardighede wat hulle lewenslank sal kan gebruik. Assessering behels 'n individuele skriftelike opdrag en 'n groepprojek. Vir die groepprojek het studente 'n [kort video](#) vervaardig om individualistiese en kollektivistiese samelewingstendense aan die hand van praktiese voorbeelde te verduidelik.

4.4 Skryflab 20 jaar oud

Die US Taalsentrum se Skryflab het in Junie sy 20ste verjaardag gevier. Die Skryflab het ver gevorder sedert sy beskeie begin in 'n geleende spreekkamer van die Departement Maatskaplike Werk. Die fasiliteit is geskep as 'n verwelkomende en veilige ruimte waar studente en akademië skryfkwersies kan bespreek.

Skryflabpersoneel word bygestaan deur sowat 35 nagraadse studente van verskillende fakulteite, wat as skryfkonsultante opgelei is. (***Sien personeellede en konsultante in collage langsaa. Foto's is voor COVID-19 geneem.***) Heelwat van die konsultante word later self akademië en sit hulle werk voort om studente se skryfvaardighede te ontwikkel.

Die Skryflab het begin deur 'n skrale 20 skrywers by te staan. Deesdae word sowat 3 000 konsultasies per jaar met skrywers van alle fakulteite onderneem. Hoewel dienste nou vanweë die pandemie aanlyn gelewer word, vind dit steeds goeie aftrek. Teen die einde van Junie is 1 649 aanlyn konsultasies sedert die begin van die jaar aangebied, en het 1 211 deelnemers vir aanlyn nagraadse skryfwersessies ingeskakel.



TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK

Luidens ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) impliseer “**Navorsing vir impak**” by die US “die optimalisering van die wetenskaplike, ekonomiese, sosiale, vakkundige en kulturele impak van ons navorsing. Die klem val op interdisiplinêre navorsing tot voordeel van die samelewing in nasionale, vastelands- en wêreldverband. Tog bly ons verbind tot basiese en dissiplinêre navorsingsuitnemendheid omdat dit as grondslag vir toegepaste en betekenisvolle navorsing dien.”

5.1 Skool vir Klimaatstudie bekend gestel

Die US het ’n reputasie vir sy voerpuntnavorsing oor hernubare energie, en is boonop ’n voorloper met sy werk om ’n koolstofneutrale universiteit te word. Daardie reputasie is op 29 Julie verder verstewig met die amptelike bekendstelling van die Universiteit se nuwe Skool vir Klimaatstudie.

Die Skool sal transdissiplinêre vermoë bou om die oorgang na ’n klimaatsveerkragtige samelewing en ’n laekoolstofekonomie te ondersteun. Dit sal die klimaatsverwante kennisstelsels van US-fakulteite, die klimaatsbeleide en -inisiatiewe van die openbare sektor, die klimaatsherstel-en-innovasievermoëns van die privaat sektor sowel as die US se missie van sosiale impak op akademiese én praktiese maniere integreer.

Hiervoor het die Skool ’n wye mandaat om oor alle fakulteite, sentrums en institute van die US, met ander nasionale en internasionale hoëronderwysinstellings, sowel as met openbare en privaat ondernemings te werk. Vir verdere inligting, [klik hier](#).

5.2 Noseweek-skenking

Al 250 gedrukte uitgawes van die maandpublikasie **Noseweek**, van Junie 1983 tot Maart 2021, is onlangs **aan die Biblioteek geskenk**. Die tydskrif, met redakteur Martin Welz aan die stuur, het vroeër vanjaar sy drukafdeling gesluit. Op die **Noseweek**-webtuiste word die publikasie beskryf as “Suid-Afrika se enigste ondersoekende tydskrif” met “onbeskaamde, onafhanklike, eerste-handse inligting oor die sakesektor, die beroepswêreld, politiek en die samelewing”, wat dit “noodsaaklike leesstof maak vir enigiemand wat graag wil weet wat in die reënboognasie gebeur”.



Die versameling is ’n ryke hulpbron oor die kontemporêre Suid-Afrikaanse geskiedenis, politiek, regering, samelewing, sake en joernalistiek. “Dit is die joernalistiek, veral ondersoekende joernalistiek, wat Suid-Afrika se brose demokrasie beskerm,” het prof Lizette Rabe, voorsitter van die

US se Departement Joernalistiek, gesê. “Die *Noseweek*-versameling bied ryke materiaal vir verdere navorsing danksy Martin Welz se waagmoedige werk oor soveel dekades.”

Prof Janis van der Westhuizen, voorsitter van die Departement Politieke Wetenskap, het ook die skenking verwelkom: “Al maak dit ’n mens hartseer om te sien hoe klein, onafhanklike mediahuise soos *Noseweek* sluit, is dit ook bemoedigend om te weet dat die hele versameling nou vir navorsers en toekomstige geslagte beskikbaar sal wees.”

Hierdie joernalistieke juweel is vryelik toeganklik vir navorsers en die algemene publiek op ons digitale erfenisbewaarplek, [SUNDigital Collections](#).

TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER

In ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) is ons mense ons eerste “instaatsteller” – ’n element “wat alles moontlik maak”. Wat personeel betref, is dit soos volg gekoppel aan ’n kern strategiese tema: “Ter ondersteuning van die US se visie, missie, waardes en strewes is dit noodsaaklik om die gesondheid en welstand van ons mense te ondersteun. In die US se strewes om die **voorkeurwerkgewer** te wees, beoog ons ’n instaatstellende omgewing wat die beginsels van medeskepping en gepaste deelname insluit en die kenmerke van ’n inklusiewe kampuskultuur vergestalt.”

6.1 Personeelbyeenkoms

Die tweede personeelbyeenkoms vir 2021 het op 2 Augustus plaasgevind. Dit is weer aanlyn gehou en sowat 400 personeellede het ingeskakel. Ek het ondermeer die belang van selfsorg benadruk en personeellede aangemoedig om veral in hierdie uitdagende tyd na hulle geestesgesondheid om te sien. Dít is ook waar ek aangekondig het dat die US sy eie inentingsterrein by Lentelus sou open. Vir verdere inligting, [klik hier](#).

6.2 US open inentingsterrein op Stellenboschkampus

